



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NSS 2019**
**'MEO' 2019**
**SS-KANDIDATE**

# GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2020

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C√ | (1) |
| | 1.1.2 | B√ | (1) |
| | 1.1.3 | D√ | (1) |
| | 1.1.4 | B√ | (1) |
| | 1.1.5 | C√ | (1) |
| | 1.1.6 | B√ | (1) |
| | 1.1.7 | D√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | B√ | (1) |
| | 1.1.10 | C√ | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Hermeneutiek √ | (1) |
| | 1.2.2 | 2 000 √ | (1) |
| | 1.2.3 | Taoïsme √ | (1) |
| | 1.2.4 | Hervorming/Protestante Beweging √ | (1) |
| | 1.2.5 | Mahatma Gandhi √ | (1) |
| | 1.2.6 | Alvermoënd/Almagtig √ | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | E√ | (1) |
| | 1.3.2 | C√ | (1) |
| | 1.3.3 | G√ | (1) |
| | 1.3.4 | D√ | (1) |
| | 1.3.5 | B√ | (1) |
| | 1.3.6 | F√ | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.4 | 1.4.1 | Vedanta √<br>Die ander is Hindoe-gode/-godinne. √ | (2) |
| | 1.4.2 | Pous Benedict XVI √<br>Die ander is ateïste. √ | (2) |
| | 1.4.3 | Ramayana √<br>Die ander is onderafdelings van Boeddhisme. √ | (2) |
| | 1.4.4 | Ilima √<br>Die ander is mense wat die leiding neem tydens rituele. √ | (2) |
| | 1.4.5 | Halakhah √<br>Die ander is heilige boeke/geskrifte in Hindoeïsme. √ | (2) |
| | 1.4.6 | Die Tien Gebooie √<br>Die ander word in Taoïsme gevind. √ | (2) |

1.5 1.5.1 WAAR √√ (2)

1.5.2 ONWAAR √
Tibetaanse Boeddhisme is esoteries. √ (2)

1.5.3 ONWAAR √
Tripitaka, wat 'drie mandjies' beteken', is 'n heilige boek van Boeddhisme. √ (2)

1.5.4 ONWAAR √
'n Mantra is 'n kort heilige vers/frase wat herhaaldelik in gebede of meditasie gebruik word. √ (2)

1.5.5 ONWAAR. √
Sjinto, 'n godsdiens wat die aanbidding van die natuur insluit, het in Japan ontstaan. √ (2)

1.6 1.6.1

- Allegorie is dieselfde as gelykenis maar baie langer. √
- Dit is nie tot die maak van 'n enkele punt beperk nie. √
- Dit bevat nie noodwendig 'n definitiewe moraal/sedeles nie. √ (2)

1.6.2

- Die woord kom van die Griekse woord 'dogma' wat optrede of opinie/mening beteken. √
- Dit is 'n belangrike leerstelling/beginsel of stelsel wat deur 'n gesamentlike owerheid voorgeskryf word. √
- Dit verwys na 'n stelsel van oortuigings wat as absoluut waar en vas beskou word. √ (2)

1.6.3

- Dit is 'n standaard versameling van geskrifte.√
- Dit is die oudste voltooide vorm van die Tripitaka√ (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

## VRAAG 2

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

2.1

2.1.1
- Die konsep word as 'n plaasvervanger vir godsdiens gebruik.
- Dit het te make met die heersende, oorkoepelende wêreldbeskouings wat die betekenis en algehele bestaanspatrone vorm. (2)

2.1.2
- Dit is 'n sinoniem vir leerbeginsel.
- Dit is 'n stelling van essensiële/noodsaaklike oortuigings. (2)

2.1.3
- Dit is 'n opsomming van die oortuigings van 'n godsdiens.
- Hierdie woord word dikwels as 'n sinoniem vir 'n persoon se godsdiens of godsdienstige oortuiging of geloof gebruik. (2)

2.1.4
- Dit is dieselfde as morele/sedelike beginsels.
- Dit differensieer tussen reg en verkeerd. (2)

2.1.5
- Dit verwys na die individuiteit of persoonlikheid wat een godsdiens van 'n ander onderskei.
- Dit is die kombinasie van al die kenmerke van 'n spesifieke godsdiens. (2)

2.2

2.2.1
- Shahada/daar is geen god behalwe Allah nie en Mohammed is sy profeet.
- 'n Moslem moet oor hierdie geloof getuienis aflê.
- 'n Moslem moet slegs vir Allah aanbid.
- Dit is die grondslag van die geloof/oortuiging en godsdiens van 'n Moslem.

- Salat/die formele daaglikse gebede.
- 'n Moslem beplan daagliks sy/haar dag rondom die tye van formele gebede.

- Zakat/betaal jou maatskaplike/sosiale belasting.
- 'n Moslem is bewus van sy/haar maatskaplike verantwoordelikheid.
- 'n Moslem ontwikkel empatie vir die armes.

- Hajj/pelgrimstog na Mekka
- 'n Moslem offer sy/haar tyd en rykdom op vir God se plesier. Hy/Sy maak ten minste een keer in sy/haar leeftyd 'n pelgrimstog na Mekka.

- Sawm/vas in die maand Ramadan.
- Hierdie vaspraktyk moet 'n Moslem 'n sin van solidariteit met die armes gee.
- Dit help om God-bewustheid te ontwikkel. (8)

2.2.2

- Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
- 'n Jood/Christen mag slegs in God glo en Hom aanbid.

- Jy mag nie vir jou 'n beeld of afbeelding maak nie.
- 'n Jood/Christen mag nie vals afgode aanbid nie.

- Jy mag nie die Naam van die Here jou God misbruik nie.
- Ten alle tye en in alle opsigte, spraak ingesluit, moet 'n Jood/Christen van die heiligheid van God bewus wees.

- Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.
- Tyd moet van gereelde aktiwiteite eenkant gehou word om op die aanbidding van God te fokus.

- Eer jou vader en jou moeder.
- Ouers en diegene wat wettig in outoriteit is, moet gerespekteer word.

- Jy mag nie moord pleeg nie.
- 'n Jood/Christen moet die lewe, jou eie en ander s'n, as heilig en kosbaar beskou en hanteer.

- Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
- Omdat die huwelik heilig is, is gemeenskap buite die huwelik 'n sonde.

- Jy mag nie steel nie.
- 'n Jood/Christen mag nie neem wat nie aan hom/haar behoort nie.

- Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.
- 'n Jood/Christen mag nie leuens oor ander vertel nie.

- Jy mag nie iets begeer wat aan iemand anders behoort nie.
- 'n Jood/Christen mag nie verkeerdelik begeer en jaloers wees op iets wat aan iemand anders behoort nie.

**LET WEL: Enige relevante punt moet krediet kry.** (8)

2.3

- Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG) het nie heilige geskrifte nie.
- By Islam speel die heilige geskrif, die Koran, 'n sentrale rol.
- ATG het 'n sterk mondelinge tradisie.
- Daar is 'n mondelinge tradisie in Islam (versamel in die Hadith, byvoorbeeld).
- Maar in Islam is die klem op leerbeginsel van die Koran, selfs vir jong Moslems.
- By ATG lewer die Oudstes die leerbeginsel mondelings oor.
- Daar is ook 'n sekere hoeveelheid leerbeginsel en opleiding van die ouer na die jonger geslag in Islam.
- Islamitiese godsdienstige leerbeginsel word gewoonlik deur 'n ervare godsdienstige leier of geleerde uitgevoer. Die jonges woon Moslem-skool, genoem die madrassah, by.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

2.4 2.4.1
- Jode glo dat Jahweh Homself aan Moses onthul het.
- Hulle goddelik geïnspireerde heilige geskrif, die Tora, is aan Moses op die Berg Sinai onthul.
- God het 'n verbond met hulle gesluit dat hulle Sy 'verkose volk' sal wees en op hulle beurt dat hulle slegs Hom sal aanbid.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.4.2
- Volgelinge glo dat Bahá'u'lláh die mees onlangse van God se boodskappers is.
- Hierdie godsdiens verkondig dat daar mettertyd net een godsdiens in die wêreld sal wees, die Bahá'i-geloof.
- Hulle sluit alle godsdienste in.
- Hulle verkondig dat alle godsdienste as verskillende stadiums van die mensdom se geestelike ontwikkeling beskou kan word soos wat ons na een wêreldgeloof beweeg.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

2.4.3
- Die doel van die lewe is om die toestand van Nirvana te bereik.
- 'n Volgeling kan Nirvana bereik deur individuele inspanning,
- en deur die Agtvoudige Weg te volg.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1.1
- Die Westerse beskouing wentel om die individu, wat 'n persoonlike reg het om sy/haar godsdiens of nie-godsdiens vrylik te kies.
- Die Westerse begrip van godsdiens beteken dat die volgeling kan kies om slegs aan een godsdiens op 'n keer te behoort.
- Die Oosterse beskouing is nie individualisties nie; dit is op die gemeenskap gerig en inklusief.
- Daar is terselfdertyd die vryheid om aan meer as een godsdiens te behoort.
- In die Oosterse kultuur godsdiens word gesien as gemeenskaplik, in ‘n gees van verdraagsaamheid.
- In die Weste, ‘n mens se godsdiens moenie ‘n impak hê op die regte van ander nie.
- Baie Oosterlinge sê dat hulle terselfdertyd Boeddhiste en volgelinge van Confucius is; of, in Japan, beide Sjinto en Boeddhiste. (12)

3.1.2
- Professor Sharma dink dat die verskil uiteindelik tot 'n gebrek aan godsdiensvryheid kan lei.
- Dit sou ironies wees as juis die konsep van godsdiensvryheid, minder godsdiensvryheid tot gevolg het. (2)

3.2
- Godsdiensvryheid, onder meer, is in die Handves van Menseregte van die SA Konstitusie vasgelê.
- Die Konstitusie is die hoogste reg/wet van die land.
- Gelykheid, as 'n hoeksteen van ons Konstitusie, sluit die gelykheid van alle godsdienste in die oë van die staat in.
- Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie beskerm alle menseregte in die Handves van Regte.
- Suid-Afrika het 'n Raad van Godsdiensleiers wat godsdiensteake hanteer, godsdiensvryheid ingesluit. (6)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

3.3 3.3.1
- Mense het geen keuse oor hulle godsdiens nie.
- Hulle word in 'n spesifieke godsdiens ingeforseer.
- Hulle kan moontlik nie die punt van persoonlike bekering en oortuiging bereik nie.
- Daar sal teen mense gediskrimineer word op grond van hulle godsdiens. Dit kan tot gewapende konflik lei. (4)

3.3.2
- Godsdiensleier is minder aanspreeklik.
- Vryheid en 'n gebrek aan grense/perke kan lei tot vreemde ondersoeke en eksperimentering.
- Die gees van vryheid, amper 'n 'alles is geoorloof', verslap die greep van godsdiens.
- Godsdiens kan verswak aangesien die wêreld meer sekulêr word.
- Daar is erosie van moraliteit soos wat die samelewing sekulêr word. (4)

3.4 3.4.1 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- 'Laat daar geen verpligting in godsdiens wees nie. (Koran, Sura 2, vers 256)'
  Islam verkondig nie bekering deur enige tipe mag/dwang nie.
- 'Nooi almal na die Weg van jou Heer met wysheid en pragtige prediking. (Koran, Sura 16, vers 125)'
  Islam verkondig dat jy getuienis moet lewer oor die skoonheid van jou godsdiens en op dié wyse mense lok en omhaal/oorreed.
- Islam verkondig dat almal deur Allah gelyk geskape is. Daarom is almal deel van dieselfde familie, maak nie saak wat hulle glo nie, en moet daarom mekaar as broers en susters behandel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP**

- Die leerbeginsel dat alle mense na die beeld en gelykenis van God gebore is en daarom oneindig baie werd is en daarom menswaardig is.
- Die groot gebod leer dat 'n Christen God, sy/haar naaste en hom-/haarself moet liefhê. Jou naaste word nie beperk deur die naaste se godsdiens nie.
- Daar is godsdiensvryheid omdat Christenskap verkondig dat ware bekering 'n vrye keuse is.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.4.2

- 'n Persoon is vry om die godsdiens wat hy/sy wil volg, te kies.
- 'n Persoon is vry om enige plek waar hy/sy wil aanbid, te kies.
- 'n Persoon is vry om die onderhouding van sy/haar godsdiens uit te voer, solank hulle nie die regte van iemand anders skend nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.4.3

- Neerhalende en beledigende aanmerkings kan teenoor mense gemaak word wie se godsdienstige oortuigings en praktyke verskillend is van die dominante groep.
- Negatiewe druk word op mense wie se godsdiens anders is geplaas sodat hulle uitgesluit voel.
- Boko Haram val aan in landelike Nigerië,
- vervolging van godsdienstige minderhede in Indië,
- etniese reiniging van Rogingya Moslems in Myanmar

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

3.5

- 'n Beklemtoning van slegs ons regte is eensydig en lei maklik tot die wanbalans van aanspraakmaking en onvoldoende inagneming van die gelyke regte van ander. (2)

3.6 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP**

- Alle mense is in die oë van God gelyk. (Ef. 2:1–14)
- Alle mense word na die beeld van God geskape.
- Hulle moet met waardigheid behandel word.
- Hulle moet almal met ewe veel respek behandel word.
- Geen persoon moet ander domineer nie.
- Niemand moet ander uitbuit nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

**VOORBEELD 2: BAHÁ'I-GELOOF**

- Dit leer dat alle mense na die beeld van God geskape is.
- Dit bevorder eenheid van die mensdom.
- Dit bevorder wedersydse respek tussen mans en vroue.
- Die Bahá'i-leerbeginsel maak dit duidelik dat geen groep hulleself as verhewe kan beskou nie.
- Die Bahá'i glo dat ongelykhede, soos armoede, ewe immoreel is en verminder moet word.
- Die Bahá'i haat rassisme en beskou die mensdom as 'n enkele ras.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1
- Media-artikels bestaan uit stories oor ekstreme Moslems, maar ignoreer die hoëvlak-ekstremisme in ander godsdienste.
- Die godsdiens van die Noorweegse massamoordenaar, Anders Breivik, word nie deur die massamedia genoem nie.
- Hy identifiseer homself as 'n Christen-beskermer.
- In mediaverslae oor die massamoord by Srebrenica in 1995, is die slagoffers as Moslem beskryf, maar die godsdiens van die skuldiges is nie genoem nie. (4)

4.1.2
- Die moet beide ekstreme Moslems en ekstremiste in ander godsdienste insluit.
- Bv. ekstremistiese aanvalle word deur sommige Moslems uitgevoer, bv. Boko Haram, en ander aanvalle word deur 'n paar Boeddhiste monnike uitgevoer. (Rohingya-slagting in Myanmar)
- Anders Breivik was 'n Christen-terroris. Sy naam behoort ook met sy godsdiens geassosieer te word.
- 8 000 Bosniese mans en seuns is deur Serwiërs vermoor.
- Die Bosniese Moslem-mans en seuns is deur Christen-Serwiërs vermoor. (4)

4.1.3
- Dit is iemand wat ekstreme en dikwels gewelddadige godsdienstige beskouings het. (2)

4.1.4
- Bodu Bala Sena of Buddhist Power Force, gestig deur Boeddhistiese monnike in 2012, het verskeie terreurveldtogte teen Moslem- en Christengemeenskap in Sri Lanka gevoer. (https:\\www.al Jazeera.com)
- RSS, 'n Indiese regse Hindoe- nasionalistiese paramilitêre vrywilligersorganisasie, word algemeen as die ouerorganisasie van die heersende party in Indië beskou. Daar word vermoed dat hulle massa-aanvalle op Moslem-gemeenskappe in die land uitvoer. (https:\\www.indiatoday.in) (2)

4.1.5
- Wanneer gewelddadige dade deur Moslems gepleeg word, word hulle godsdiens as 'n oorsaak genoem.
- Wanneer ekstremiste van ander godsdienste gewelddadige dade pleeg, word hulle deur die media as politieke aktiviste beskryf, en die godsdiens van die skuldiges word weggelaat (4)

4.1.6
- Die media moet alle godsdienste gelyk behandel.
- Die media moet sensitief wees wanneer hulle verslag doen.
- Die media moet die gebruik van beledigende woorde met betrekking tot sekere godsdienste vermy.
- Inligting moet met betroubare bronne geverifieer word.
- Die media moet objektief wees.
- Die media moet probeer om godsdiensleerbeginsels en -praktyke te verstaan.
- LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

4.1.7
- Godsdiensorganisasies moet met hoofstroommedia in godsdienstige gesprekke betrokke wees.
- Hulle moet die media herinner dat bevooroordeelde verslagdoening tot konflik kan lei.
- Hulle moet die belangrikheid van objektiwiteit en onpartydigheid by verslagdoening beklemtoon. (4)

4.2 4.2.1
- Dit is die misbruik van godsdiens vir selfverryking.
- Godsdiens word gebruik om geld te maak. (2)

4.2.2
- Godsdiensleiers word hoogs gerespekteer en vertrou deur hulle gemeentelede.
- Mense is desperaat vir wonderwerke en word daarom slagoffers van skelmstreke.
- Mense is goedgelowig en kwesbaar as gevolg van moeilike omstandighede, soos armoede en ongeneeslike siektes. Hulle aanvaar die gesag van godsdiensleiers onvoorwaardelik.
- Godsdiensleiers is in 'n gesagsverhouding en kan hulle gemeentelede maklik manipuleer.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (6)

4.2.3
- Dit is 'n formele samekoms van verskillende godsdiensleiers met die oog op die ontwikkeling van oplossings vir die spesifieke probleme. (2)

4.2.4
- Godsdiensleiers skend die regte van hulle gemeentelede.
- Godsdiensleiers buit hulle gemeentelede vir finansiële voordeel uit.
- Hulle word van die seksuele misbruik van hulle gemeentelede aangekla.
- Hulle word van die emosionele misbruik van hulle gemeentelede aangekla. (6)

4.2.5
**JA**
- Dit sal alle godsdiensleiers insluit.
- Hierdie leiers verteenwoordig 'n groot gedeelte van die samelewing.
- Die godsdiensleiers erken die probleem en is vasberade om iets daaromtrent te doen.
- Die leiers sal met gesamentlike besluite/oplossings vorendag kom.

**NEE**
- Alle godsdienste en godsdiensleiers is genooi, maar niemand kan gedwing word om by te woon of deel te neem nie.
- Omdat elke godsdiens outonoom is, kan die kommissie nie bepalings aan hulle voorskryf nie.
- Diegene wat finansieel baat, kan moontlik verandering teenstaan.
- Hulle sal ook sê dat die bywoon van godsdienstige verrigtinge vrywillig is, net soos finansiële bydraes.
- Aangesien daar tans geen regulasies is nie en die beraad se uitkomste nie bindend is nie, is daar geen waarborg dat 'n betekenisvolle oplossing bereik sal word nie. (4)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 5.1.1
- Swami Vivekananda (1863–1902) kry die krediet vir die bring van Hindoeïsme en hulle Vedantiese denke na Amerika. **OF**
- By die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste het hy 'n indruk gelaat omdat sy gesprekke oor Hindoeïsme Westerse belangstelling in die godsdiens wakker gemaak het. (4)

5.1.2
- As leier van (Tibetaanse) Boeddhisme, is hy met baie godsdiensleiers bevriend.
- Hy word gerespekteer vir die vredesboodskap wat onder godsdienste van regdeur die wêreld versprei.
- Hy is die wenner van 'n Nobelprys vir vrede vir sy vredespogings. (4)

5.2 5.2.1
- PROCMURA (Program vir Christen-Moslemverhoudinge in Afrika) fokus op goeie verhoudinge tussen die Christendom en Islam in besonder.
- IFAPA werk aan goeie verhoudinge tussen alle godsdienste sonder 'n spesifieke klem. (2)

5.2.2
- Dit bring godsdienstige gemeenskappe, die burgerlike samelewing, die private sektor en regerings saam.
- Dit stuur intergeloofsafvaardigings na konflikgebiede.
- Dit het die IFAPA Women Network gevorm.
- Dit het streeksjeugnetwerke gestig ('Youth Networks').
- Dit het die Rural Water Project in Rwanda in gebruik geneem.
- Dit het Mother's Cry for a Healthy Africa bekend gestel.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

5.2.3
- Dit is 'n raadgewende liggaam tussen die regering en godsdiensorganisasies. (2)

5.3 5.3.1
- Gelowiges skep 'n nuwe godsdiens deur die kombinering van leerbeginsels, oortuigings en praktyke van verskillende godsdienste. (2)

5.3.2
- Alle godsdienste is weë na die waarheid en is ewe waar. (2)

5.3.3
- Lede glo dat ander godsdienste geldig is, maar die volle waarheid kan slegs in sy/haar eie godsdiens gevind word. (2)

5.4
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.
- Die hooffunksie is om rassisme teë te werk.
- Dit gee aandag aan misdaad en geweld in gemeenskappe.
- Dit pak armoede.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

5.5
- Die idee van 'n 'tussenganger' of bemiddelaar is baie belangrik in hierdie godsdiens.
- Die voorvaders is tussengangers tussen die geesteswêreld en die mensewêreld.
- Die sangomas of waarsêers is tussengangers tussen mense en die voorvaders.
- Wisselwerking tussen die Opperwese en mense vind deur die voorvaders plaas want die Opperwese is verwyderd van mense.
- Die voorvaders speel 'n baie belangrike rol omdat hulle die bemiddelaars en beskermers van die clan/stam is.
- 'n Gerespekteerde en geloofwaardige bejaarde persoon in die familie kan as 'n tussenganger beskou word.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

5.6
- Stadium 1 is die studentstadium.
- Stadium 2 is die getroude of gesin-/familiestadium.
- Stadium 3 is die aftredestadium.
- Die vierde (opsionele) stadium is die diep godsdienstige persoon (Sannyasin). (6)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou